**GESKIEDENIS HG VR 1** **NOVEMBER 2006**

1. ALGEMENE OPMERKINGS

1.1 Hierdie nasionale vraestel was van ‘n baie hoë standaard en het uitstekende leesvaardighede van kandidate vereis. Die meeste kandidate het dit nie as ‘n werklike probleem ervaar nie en moet geluk gewens word met die manier waarop hulle die vraestel beantwoord het.

1.2 Kandidate se vaardighede m.b.t. die skryf van opstelle verbeter jaarliks. Feitlik geen kandidate maak meer van hofies gebruik nie en die meeste is ins taat om geskikte inleidings en samevatttings te gebruik.

1.3 Baie kandidate het goed gedoen in die brongebaseerde vrae omdat hulle ins taat was om ‘n verskeidenheid toepaslike vaardighede toe te pas.

2. OPSTELVRAE

2.1 kandidate wat goeie punte vir hulle opstelle verwerf het, was in staat om

- die vrae korrek te beantwoord (vraag gedrewe)
- relevante inhoudseleksies te doen
- historiese analise toe te pas
- opstelle goed te struktureer.

2.2 Ongelukkig het biae leerders steeds onderwerpgedrewe antwoorde geskryf en het geen werklike gedagterigting gehad nie. Leerkragte moet kandidate leer om die vrae te analiseer, veral op HG-vlak.

2.3 Slegs ‘n paar sentrums het vrae 3A of 3B (Suid-Afrika 1976 – 1994) beantwoord. Dié wat dit wel beantwoord et, het baie goed gevaar en moet geluk gewens word. Die meeste sentrums het vrae 1 en 2 redelik goed beantwoord.

3. BRONGEBASEERDE VRAE

3.1 Kandidate wat goed gevaar het was in staat om

- Getuienis uit bronne te onttrek
- Bronne te interpreteer
- Bewyse te analiseer, te organiseer en te kommunikeer
- Bewyse te evalueer

3.2 Baie kandidate het dit moeilik gevind om bewyse te gebruik om ‘n paragraaf te skryf (vrae 4.1.7, 5.1.6 en 6.1.8)

3.3 Vraag 6 is oor die algemeen swak beantwoord.